


ST. WALTER VAN PONTOISE

8 APRIL

(c. 1025-1099)



Hy staan ook bekend as Gautier of Galterius en hy is in Pikardië in Frankryk gebore. Hy tree as jongman in by die Benediktynse klooster van Rebais-en-Brie in die bisdom Meaux. Later word 'n nuwe abdy naby Pontoise gestig en hy word aangestel as die eerste ab. Onder sy bekwame leiding en die voorbeeld van sy eenvoudige lewe, geheel en al toegewy aan God, word die abdy 'n ware gebedshuis en begin mense van heinde en verre kom om sy raad en voorbidding te vra. Op 'n stadium het die toeloop van besoekers so groot geword dat St. Walter in die geheim weggevlug het en as 'n gewone broeder in die abdy van Cluny gaan woon het. Die aartsbiskop van Rouen het hom egter beveel om terug te keer na sy gemeenskap. As gevolg van 'n insident toe hy as jong noviet iemand uit die kloosterkerker help ontsnap het word hy as beskermheilige van gevangenes aangeroep.